Inleiding:
Ons het in die eerste 2 gedeeltes uit Jeremia, waaroor ons gepreek het, gesien dat hy ’n baie ongewilde boodskap aan die volk moes gaan deurgee naamlik straf en oordeel. Die oordeel uit Jeremia 4 word beskryf as ’n warm wind wat alles vernietig en hoe die skepping in ’n pre-Genesis chaos inbeweeg.

Ontsettende slegte goed gaan met die volk gebeur en na hoofstuk 4 hoor ons hoe die oordeel net al hoe erger en erger word. Ons lees in die gedeelte net voor ons Skriflesing vandag van die gesnuif van oorlogsperde en gifwater en giftige slange.

Die rede vir hierdie oordeel van God oor sy volk word baie goed deur Esegiël beskryf. Hy was ’n tydgenoot van Jeremia. Hy gebruik beeldspraak in Esegiël 16 om te vertel hoe sleg Israel geword het. “Jy was ‘n weggooikind. Toe jy gebore is, het niemand jou naelstring afgesny nie, niemand het jou gebad nie, niemand het jou met sout ingevryf en jou in doeke toegedraai nie. Maar toe het Ek verbygekom en jou in jou bloed sien spartel. Ek het jou innig jammer gekry daar waar jy gelê het, en daarom het Ek vir jou gesê leef, en jou te hulp gekom”.

’n Wonderlike kant van God wat spreek van medelye, iets van ‘n moeder se ontferming oor haar kind. ‘n Gesig van God wat te hulp snel en omgee, en nie maar net straf nie.

En dan gaan Esegiël verder: “Maar toe jy, wat Ek so mooi gebad het, en met soveel sorg versorg het, ‘n mooi en groot meisie word, het jy jou soos ‘n straatvrou begin gedra. En dit is waarom Ek julle gaan straf”. Gaan lees gerus die gedeelte want dit is ’n “parental guidance” gedeelte.

Nou volg Jeremia 8:18-9:2 en in vers 19 word die rede waarom die volk gestraf word weer uitgelig: “Waarom tart hulle My met hulle gesnede beelde, met hulle vreemde, nietige afgode?”

En dan lees ons hoe God reageer op hierdie ongehoorsame volk van Hom. Die kern van God se reaksie vind ons in vers

21 as God sê: “My volk se wonde is ook My wonde ...”

Dalk het julle soos ek grootgeword met ’n beeld van God as ’n regverdige God wat regsit om jou pak slae te gee as jy oortree. Baie mense beskryf God ook as ’n kwaai God, of selfs as ’n wrede God.

Jeremia 8 kom skets egter vir ons ’n totale ander beeld van God. ’n God wat saam met ons huil oor ons foute, ons pyn en seer (vgl. Jeremia 9:1 en Psalm 56:9).

In die teks vind ons die tradisie wat ontstaan het dat mense hulle trane in sogenaamde traan flesse opgevang het as bewys van hoe hartseer hulle was oor ’n gebeurtenis. Is dit nie ’n ongelooflike beeld om te dink aan ’n God wat ons trane opvang in ’n fles, wat bewus is van elke traan wat ons stort. Nog meer, ’n God wat saam met ons huil en wie se trane soms ook as gevolg van ons opgevang word.

En asof dit nie genoeg is nie leer ons God ook ken as die groot geneesheer. Hy is die dokter wat die voorskrif gee: Bekeer julle en vergewe mekaar. Hy is egter baie meer as net die dokter. Hy is die “salf”. Hy is die “balsem van Gilead”. Hy is die wonderwerker, of eerder die wondwerker.

Ons sien dit die duidelikste as Hy vir ons, en as gevolg van ons, aan die kruis sterf en ons geneesheer en ons ‘balsem” word.

Ons aanbid ’n God wat nie net die hare op ons hoofde tel nie (Matteus 10:30) maar Hy is ook die God wat saam huil en ons trane opvang of “tel” (Jeremia 9:1, Psalm 56:9).

Vrae vir kleingroepe:

1. Gesels met mekaar oor hoe julle aan die God van die Ou Testament dink. Is Hy ’n kwaai God, wreed, woedend of goedhartig en genadig?
2. Wat se emosies kom by jou los as jy hoor dat God weet van elke traan wat jy stort? Dat Hy ook ’n God is wat, nie net as gevolg van ons huil nie, maar wat ook saam met ons huil.